



HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

Nuusbrief Newsletter

03 | 2024
09 | 02 | 2024

BELANGRIKE DATUMS

Ma., 12 Feb: Ondersteunersklubverkiezing (17h15)
Wo., 14 Feb: Valentynsbal
Vr., 16 en Sat., 17 Feb: T4J Tennistoernooi (tuis)
Sat., 17 Feb: Atletiek Suid-Boland Kampioenskappe (tuis)

PERSONEEL

- Ons innige simpatie aan me Nuwe van der Walt en haar familie met die heengaan van haar pa. Mag kosbare herinneringe jul vertroos.

NSS 2023-DISTRIKSTOEKENINGS

Die prestasies van die matriekklas van 2023 vul die HSB-familie se harte tot oorloepens toe met trots. Baie geluk aan die volgende matrieks van 2023 wat Distrikstoekenings (Overberg Distrik) ontvang het:

- Amanda Gouws: 1ste Verbruikerstudies
2de Afrikaans Huistaal
- Elza de Kock: 3de RTT
2de Wiskunde (95%)
2de Fisiese Wetenskappe
3de in Distrik algeheel (90%)
- Safana Walele: 1ste Besigheidstudies (98%)
- Jumeri Beukes: 3de Rekeningkunde (96%)
2de IT
- Helgaard Potgieter: 3de Wiskundige Geletterdheid

NSS 2023-vakuitslae: Overberg Distrik

HSB Verbruikerstudie beklee die 2de posisie in die distrik. 'n Uitstekende prestasie waarop ons baie trots is.

GR 12-GRAADDAG

Na 'n heerlike graaddag op 7 Februarie is die matrieks begeesterd en gemotiveerd om vanjaar as 'n span saam te werk met die oog op goeie resultate op elke vlak waar hulle betrokke is.

Baie dankie aan mnr Henry Pratt wat die prettige spanbousessies op die strand hanteer het. Dit was voorwaar lesse wat met groot pret en plesier gepaard gegaan het.

Na 'n inligting- en doelwitstellingssessie in Agulhas weet die gr 12's wat van hulle verwag word tydens hul laaste jaar op die harde banke.

Baie dankie aan die matriekopvoeders, mee Elza Olivier (graadhoof), Danelle van Niekerk, Chanice Isaacs en mnr Marius van der Vyver wat die dag gereël het.

Sterkte aan ons matrieks van 2024!



Helgaard en Safana



INTERSKOLE: 3 FEBRUARIE 2024 – UITSLAE



Ten spyte van donderstorms en vroeg opstaan het vanjaar se interskole goed afgeloop. Al het Hermanus met die Atletiek- en Sangbikers weggeloop, het die BD-atlete steeds pragtig presteer en spog die BD's met vier bekere vir Beste Prestasie per ouderdomsgroep, asook 'n spantrofee wat deur die o.14-seunsspan verower is. BD's, julle het ons trots gemaak! Jul gedrag het boekdele gespreek. Baie dankie.

Baie dankie ook aan mnr Christopher van Niekerk (Hoof: Sport) wat verantwoordelik was vir al die reëlings.

'n Groot dankie aan elke personeellid, ouer, ondersteuner en enige ander persoon wat betrokke was by Interskole 2024.

EN

Baie dankie Hoërskool Hermanus vir jul gasvryheid.



GOUE MEDALJES

Aden Payne:	So.19	3000m	9:36.4s
	So.19	1500m	4:29.70s
Christelize Kotze	Do.14	Hoogspring	1.45m
		90mH	15.50s
Sipho Matshini	So.14	Hoogspring	1.50m
Luke Gabriels	So.14	100mH	16.50s
	So.14	300mH	46.44s
	So.14	Verspring	4.88m
	So.14	200m	25.72s
Helena Kriel	Do.19	100mH	18.60s
Alicia Mukaratirwa	Do.14	100m	13.62s
	Do.14	200m	28.00s
	Do.14	400m	1:05.7s
Madelein Engel	Do.19	Verspring	4.60m
	Do.19	100m	14.28s
	Do.19	400m	1:11.70s
Melo Dlamini	Do.15	Siesgooi	27,24m
Junicke Newman	Do.17	100m	13.19s
	Do.17	200m	28.15s
Naidé April	So.19	100m	10.97s
	So.19	200m	22.71s
Mickayla de Villiers	Do.15	800m	2:50.10s
	Do.15	1500m	6:07.30s
Cohen Dyers	So.19	800m	2:06.50s
Waylon Abrahams	So.15	300mH	46.30s
Leighton Ahrends	So.17	Hoogspring	1.75m
Urlinn Henecke	So.17	200m	23.19s
Fortune Goni	So.19	Gewigstoot	11.57m
Luan Coetzee	So.14	Gewigstoot	11.71m
Kaleb Witbooi	So.14	400m	61,10s
Junaid Hansen	So.17	400m	53.50s
Cale Diedericks	So.17	DG	32.71m

BEKERS

Do.14	Alicia Mukaratirwa	200m, 28.00s
So.14	Luke Gabriels	100mH, 16.50s
Do.17	Junicke Newman	100m, 13.19s
So.17	Aden Payne	3000m, 9:36.40s

SPAN

So.14 105 punte







UITSLAG BOLAND LIGAWEDSTRYD, SWELLENDAM, 5 FEBRUARIE 2024

Twee spanne het deelgeneem. Die beste tellings aangeteken, was:

Matthew Brooks: 10 punte
Kevin Goliath: 11 punte
Kyle Willeman: 12 punte
Edmund O'Ehley: 15 punte
Zander Niemand: 17 punte

Vlnr: Edmund O'Ehley, Matthew Brooks, Damian Hansen, Tiaan Scheepers, Christiaan Stoltz, Zander Niemand, Kyle Willeman, Kevin Goliath

KRIEKET

Die seuns o/19 krieketspan het op 6 Februarie die hitte trotseer en teen Curro Hermanus gespeel. Die BD's is ingestuur om eerste te kolf en teken 153 lopies vir 7 paaltjies in 20 boulbeurte aan. Kiethon Arries teken 39 lopies aan.

Curro het daarna 89-9 in hul 20 boulbeurte aangeteken. Kiethon Arries neem 3 paaltjies vir 10 lopies in sy 4 boulbeurte en Daymon Klink neem 3 paaltjies vir 12 lopies in sy 3 boulbeurte.

Die BD's wen met 64 lopies! Baie geluk, manne!



KWARTAALTEMA
Connect with People

JAARTEMA:
CONNECT

TWEEKAMP



Dirk Uys, Dirk Neethling en Rémy Wessels (v.l.n.r. op foto) het verlede naweek vir Boland aan die Interprovinsiale Tweekampkampioenskappe, in Oudtshoorn deelgeneem. 529 atlete uit vier provinsies het meegeding. Boland het die 2de plek in die toernooi behaal.

Baie geluk aan dié drie atlete met hul uitstekende uitslae (punte).
Dirk Uys: 1984
Rémy Wessels: 1990
Dirk Neethling: 1883

TENNIS



Agter: De La Bat-tenisspelers
Voor vlnr: Daniel du Toit, Stephan Lochner, Tiaan Scheepers, Stefan Swart



Agter: De La Bat-tenisspelers
Voor vlnr: De La Batt-tenisspeler, Owethu Maqhutyana, Evah Meyer, Christina Seleso

NETBAL COLOUR RUN-FONDSINSAMELING



COLOUR RUN 2024

Die jaarlikse netbalfondsinsameling, die Colour Run, het op 7 Februarie plaasgevind. Dankie aan elkeen wat kom ondersteun het! Dit was vetpret en vol kleur. Baie geluk aan al die 'lucky-draw' prysweners.

Ons sien julle weer volgende jaar!



Uitslag tussen HSB 4 en De La Bat 1:
HSB seuns verloor 2-4
HSB dogters verloor 1-4



**HOËRSKOOI
BREDASDORP**

OPEDAG

CONNECT met die *BVD's*

Register Now

26 FEB 2024
18:00

SCAN ME

www.hsbredasdorp.co.za | @hoërskoolbredasdorp | @hsbredasdorp



**Spanish Classes
Spaanse Klasse**

Spanish Conversation Classes in Bredasdorp
Learn Spanish by putting grammar into practice.


After studying Spanish at a Spanish Language School in South America and then living in a Spanish-speaking country for many years, I am now offering Spanish classes in Bredasdorp.

The classes are for young and old, for absolute beginners and for those who already have some Spanish and want to practice or advance it. Through conversation classes grammar will be learned and put into practice using everyday situations.

Mondays to Fridays:
Individual/One-on-one classes - R120 (45 minutes)
Group classes (2-4 persons) - R80 (45 minutes)

Contact details:
Corné
Cell & WhatsApp: 082-4700764

Su nombre es Juan.
¿Como te llamas?
Habla español hoy.
Me gusta hablar español.
¡Hola!
¿Como estás?
Bienvenidos



Stof af jou hoed, ons hou

Dames Tee

Motiveringsprekers:

**CARMEN JAGERS OOR
VROUEGESONDHEID
ABBY DAMON OOR
SELFLEFDE**

Pryse te wen met die
spoggerigste hoed

24 Februarie, 2024 @ 11AM

@ R100 PP

Plek: Bredasdorp Hoërskool
Kontak: Carien +27 76 959 4832

Ten Bate van 0/19 A Rugbyspan

